Daar's 'n monster in my kas

Jan nooi sy maat Fanie om by hom oor te slaap. Die twee begin dadelik met Jan se rekenaarspeletjie speel.

"Dit is die beste rekenaarspeletjie ooit!" roep Jan uit. "Kyk hoe lyk hierdie monsters wat my aanval!"

"Sjoe!" sê Fanie. "Waar het jy so 'n vreesaanjaende speletjie in die hande gekry? Jy moet oppas, netnou kom die monsters jou haal!"

"Hier kom nog 'n monster!" skree Jan. "Dit lyk of hy reguit op my afpeil. Kyk net hoe lyk hy! Sy kop, tande en stert lyk soos dié van 'n Tirannosourus Rex. Hy is dodelik!"

"Jan, Fanie, bêre daardie speletjie nou asseblief en klim in die bed!" sê Jan se ma.

"Ag ma, ons wil net gou hierdie een speletjie klaarmaak," pleit Jan.

"Nee, skakel dit nou dadelik af!" antwoord sy ma. "Julle kan môre weer verder speel."

"Ons maak so, mamma," antwoord Jan. Hy klim in die bed en skakel die lig af, maar hy hou aan om sy speletjie in die donker te speel.

Fanie raak gou aan die slaap.

'n Hele ruk later skakel Jan die speletjie af. Kort daarna raak hy ook aan die slaap. Die maanlig val deur die venster en verlig die klerekas in die kamer.

Skielik word Jan wakker. Wat was daardie geluid? Krap, stamp! Krap, krap!

Jan sit regop in die bed en trek die komberse tot teenaan sy ken. Met koeëlronde oë kyk hy angstig in die kamer rond terwyl hy probeer sien wat die vreemde geluide veroorsaak. Dit kom van sy kas af!

Die kas glim in die maanlig en die kasdeur skud. Toe beweeg die deur.

Kraak, kraak!

Daar is iets binne-in die kas wat teen die deur stamp!

"Dis 'n monster!" fluister Jan benoud. "Wie is dit?" vra hy in 'n bewerige stem.

Stadig begin die kasdeur oopkraak. Jan spring op en slaan die deur toe. Terwyl sy hart in sy keel bons, stoot hy 'n stoel teen die deur om dit toe te hou.

"Ek wonder of ek weer sal kan slaap," sê hy vir homself.

Net toe hy in die bed terugklim, is daar weer 'n stampgeluid van binne-in die kas. Hierdie keer is dit nog harder as tevore!

"Ag nee!" sê hy saggies vir homself. "Wat gaan ek nou doen? Ek wil nie almal in die huis wakker maak nie!"

Nou angsbevange, skud hy sy maat aan die skouer.

"Fanie!" fluister hy dringend. "Daar's iets in my kas! Dis die een of ander monster – dit kan 'n prehistoriese dinosourus wees!"

"Jy't waarskynlik net 'n nagmerrie gehad," antwoord Fanie. "Los my uit, ek wil slaap."

"Dit was nie 'n droom nie," antwoord Jan. "Ek moes die deur toedruk, want iets het uit die kas probeer uitkom!"

"Moenie laf wees nie, Jan. Dis jou rekenaarspeletjie wat jou nagmerries gee!"

"Nee, kom kyk saam met my," smeek Jan. "Dan sal jy self sien!"

Fanie gee 'n groot sug en klim uit die bed uit. In sy rugsak soek hy sy flitslig. Hy skakel dit aan en stap vol selfvertroue na die kas toe. Jan volg 'n tree of wat agter hom.

Skielik is daar nog 'n harde stamp. Die twee seuns gaan botstil staan, te verskrik om 'n spier te verroer. Nou is daar 'n harde krapgeluid in die kas hoorbaar.

"Het jy dit gehoor?" vra Jan, sy oë so groot soos pierings.

"Ja, ek het," antwoord Fanie, terwyl hy voel hoe sy hart in sy bors hammer.

Voetjie vir voetjie beweeg Jan en Fanie nader aan die kas. Toe, met 'n benoude kyk na Fanie, maak Jan die deur op 'n skrefie oop. Fanie lig die flitslig deur die opening. Daar is iets binne-in die kas wat die deur probeer oopstoot!

Meteens sien hulle in die lig van die flits twee heldergeel oë. Die twee seuns spring beangs van die kas weg.

"Wat kan dit wees?" vra Fanie in 'n bewerige stem terwyl hy die deur vinnig weer toedruk.

Die gekrap en gestamp word harder. Fanie trek sy asem diep in en trek die deur weer oop. Iets spring uit die kas uit en vlieg by die seuns verby.

"Wat was dit?" skree Jan.

"Dit was jou kat!" antwoord Fanie en hy bars uit van die lag.

Wonderbaarlike dinosourusse

DINOSOURUSSE het miljoene jare gelede op die aarde gewoon. Toe het hulle uitgesterf. Niemand wat vandag leef, het nog ooit 'n dinosourus gesien nie, maar ons weet baie omtrent hulle omdat wetenskaplikes hulle beendere en tande uitgegrawe het. Dit het die wetenskaplikes gehelp om uit te werk hoe hulle gelyk het en hoe hulle geleef het.

IGUANODON

(uitgespreek i-GWAN-o-don)

Die Iguanodon was 'n plantetende dinosaurus met 'n stekel aan elke duim. Dit was die tweede dinosourus wat ontdek is.



TIRANNOSOURUS REX

(uitgespreek ti-ran-o-SOU-rus)

Tirannosourus rex (wat ons tot T-Rex afkort) was die grootste vleiseter ooit. Hy het ander dinorourusse soos die Triseratops gevreet. T-Rex het ongeveer ses meter hoog gestaan. Hy het op twee lang agterbene geloop. Hy het baie kort arms met twee kloue gehad. Sy kake en tande was baie sterk – perfek om ander diere mee te vreet.

TRISERATOPS

(uitgespreek tri-SER-a-tops)

Hierdie dinosourus het drie horings en 'n kraag gehad. Triseratops beteken "drie-horing-gesig". Hierdie dinosourusse het uit eiers uitgebroei. Hulle het in kuddes saamgewoon en hulle kleintjies beskerm. Hulle het sterk bekke gehad, maar geen tande nie. Hulle het van plante geleef.





Die BRONTOSOURUS

(uitgespreek bront-o-SOU-rus)

Sy ander naam was die Apatosourus, en hy was een van die grootste landdiere wat ooit geleef het. Hy het 'n lang kopbeen maar 'n baie klein brein gehad. Hierdie planteter het ook 'n baie lang nek gehad. Sy neusgate was bo-op sy kop.

STEGOSOURUS

(steg-o-SOU-rus)

Hierdie dinosourus het rye plate op sy rug en stekels op sy stert gehad. Hy was baie groot, maar hy het 'n klein koppie en 'n klein brein gehad. Hy het geen tande gehad nie en hy het plante gevreet.



Groepleesaktiwiteite

1

Kyk na die prente.

a. Vertel dan vir jou maat die volgende:

- Wat in elke prent gebeur.
- Watter prent eerste, tweede, derde en vierde moet wees.
- Watter onderskrif by watter prent pas.

b. Soek 'n bevel- en 'n vraagsin. Skryf dit dan in jou klaswerkboek oor.

"Sjoe, wat 'n vreesaanjaende monster!"

Die stoel behoort die monster binne te hou!

Wat is daardie geluid?

Hou nou op met speel!

2

Gesels met jou maat oor die volgende vrae:

a) Waarom dink jy het Fanie aan die einde van die storie uitgebars van die lag?

b) Waarom dink jy het Jan gedink daar is 'n monster in die kas?

c) Dink jy die rekenaarspeletjie het die seuns se vrees vererger?

2

d) Het jy al ooit 'n nagmerrie gehad? Indien wel, wat dink jy het dit veroorsaak?

e) Het die storie geëindig soos jy gedink het dit sou eindig? Maak 'n nuwe einde vir die storie op.

f) Kopieer drie sinne uit die laaste deel van die storie wat wys dat die seuns bang was.

g) Hoe dink jy het die monster gelyk waarvoor Jan bang was? Teken dit en beskryf jou tekening dan aan jou maat.

3

Hoeveel klankwoorde (bv. "kraak") kan jy in die storie kry? Aan watter ander klankwoorde kan jy dink?

4

Gebruik die volgende klanke om die woorde te voltooi sodat hulle by die prente pas: spr-, skr-, oe, ou, ie, ui, eu.

st___l	h___s	kasd___r	s___ns	___ing
				
dinos___rus	___ee	Fan___	v___tjie	sk___er

4 Maak of jy Jan is. Skryf 'n dagboekinskrywing in jou klaswerkboek waarin jy beskryf wat daardie aand met jou gebeur het. Maak seker dat jou inskrywing 'n begin, 'n middel en 'n einde het.

Dag: _____ Datum: _____

Liewe Dagboek,

Gisteraand het ek en Fanie . . .

5 Soek vyf meervoude en drie verkleinwoorde in die storie. Skryf dit dan in jou klaswerkboek oor.

6 Kyk na die beskrywings van die dinosourusse op bladsy 20 en 21 en vertel jou maat watter van die dinosourusse vleiseters was. Watter dinosourus dink jy lyk die gevaarlikste? Verduidelik waarom jy so dink.